# Kraggakamma Huisgeloof
## vir kleingroepe, families en stiltetyd
### (6-10 Mei 2024)

---

## ONS ONTMOET MEKAAR
Gesels bietjie oor hoe julle ons kermis ervaar het. Vertel mooi stories. As jul raad of aanbevelings het, stuur dit vir Niekie in die kerkkantoor.

## ONS ONTMOET VIR GOD: GEBED, LOF EN AANBIDDING
Gee geleentheid vir elkeen om te sê hoe dit gaan. Bid vir mekaar.

## GOD ONTMOET ONS
**Skriflesing:** 1 Johannes 5:1-13
**Tema:** Die belangrikste kant van die muntstuk.

## Gespreksvrae:
1. Gesels oor die volgende as 2 kante van dieselfde muntstuk.
   God se ja sê vir my en my ja sê vir Hom
   Geloof en liefde
   Liefde vir God en liefde vir mekaar.

2. Hoe word onderskei tussen ware en valse volgelinge van die Here?
3. Is dit voldoende dat sommige gelowiges se geloofsbelydenis net hoorbaar is en ander gelowiges se geloofsgetuienis weer net in sy/haar dade sigbaar word?
4. Wat beteken dit vir jou om vandag oorwinnend oor die sondige wêreld te leef?
5. Wat beteken dit vandag vir jou om nou die ewige lewe te leef?
6. Wanneer jy sterwe, gaan jy hemel toe?

## GOD ONTMOET DIE WÊRELD DEUR ONS
## Uitsending na die plek waartoe God jou roep

Onthou ons Hemelvaartdiens eerskomende Donderdag 9 Mei 2024 om 18:30 in die kerkgebou.
Eerskomende Sondag, 12 Mei, hou ons 'n gesamentlike erediens om 09:00.

**VERKIESING 2024**

29 Mei is verkiesingsdag. Kom ons verootmoedig ons voor die Here vir ‘n vry en regverdige verkiesing. Bid dat mense biddend hul stem sal uitbring. Bid vir eerlike, wyse en onpartydige verkiesingswaarnemers.

Ons deel in die volgende 4 weke so paar merkers rondom die uitbring van jou stem. Jy hoef nie met alles saam te stem nie, maar hopelik kry dit mense aan die saamdink en -gesels. En help dit ons om te bid.

**'n Christelike party?**

Die ideaal is dat hulle wat my verteenwoordig, opregte kinders van die Here sal wees. In 'n diverse land soos Suid-Afrika is dit egter nie altyd haalbaar nie. Wat is die taak van die regering wanneer dit by geloof kom?

In 1 Timoteus 2:1-3 lees ons: “[1]Ek dring daarop aan dat daar in die eerste plek met smeking, voorbidding en danksegging gebid moet word vir alle mense, [2]vir dié wat regeer en vir almal wat gesag uitoefen, **sodat ons 'n rustige en stil lewe kan lei in volkome toewyding aan God en in alle eerbaarheid.** [3]So is dit goed en aanneemlik vir God, ons Verlosser, [4]wat wil hê dat alle mense gered word en tot kennis van die waarheid kom.